

GSA GRAIN | GRAAN

GEOTERRA IMAGE

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

06 Februarie 2026

Gewas toestand
Crop Condition

Klimaat
Climate

Vergelyk
Compare

Opbrengs potensiaal
Production potential

Gewas opkoms
Greenup

Kaarte
Maps

Verslae
Report

# Indeks

1. DEFINISIES
2. VOORLOPIGE OPPERVLAKTE
3. OPSOMMING
4. REËNVAL
5. GRONDVOG INDEKS
6. GEWASOPKOMS
7. GROENBLAAR INDEKS

GRAIN | GRAAN

# Definisies

- **Grondvog Indeks:** Gee 'n oorsig van die grondwaterpersentasie gedurende die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde. Hierdie gemiddelde dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.
- **Groenblaar Indeks (GLI):** Die GLI is die waardes oor die groeiseisoen, wat die patrone van gewasgroei gedurende die seisoene illustreer.
- **Gewasopkoms:** Toon die huidige gewasopkoms-vordering in vergelyking met die 5-jaar gemiddeld.

*Al die 2025/26 seisoen data is vanaf 1 Julie 2025 – 6 Februarie 2026.*

## Optimale plantdatums

| Gewas | Region | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | KZN | Mpumalanga & Gauteng | Limpopo | Oos-Vrystaat (VKB) | Oos-Vrystaat (OVK) | Noordwes Vrystaat | Noordwes | Noord-Kaap |
| Mielies | 1 Okt - 30 Nov | 1 Okt - 15 Nov | 1 Nov - 31 Des | 1 Okt - 15 Nov | 1 Okt - 30 Nov | 15 Nov - 15 Des | 15 Nov - 15 Des | 1 Okt - 15 Des |
| Sojabone | 1 Okt - 7 Des | 1 Nov - 7 Des | 1 Nov - 20 Des | 1 Nov - 7 Des | 1 Nov - 30 Nov | 15 Nov - 10 Des | 15 Nov - 15 Des | 1 Okt - 30 Nov |
| Sonneblom | | 1 Nov - 15 Des | 1 Nov - 15 Feb | 1 Nov - 10 Jan | 1 Nov - 10 Jan | 10 Nov - 10 Jan | 20 Nov - 10 Jan | 1 Des - 30 Jan |

# Opsomming

**Gewastoestande**

Gewastoestande is op hierdie stadium baie wisselvallig. Streke wat vroeër in die seisoen vog opgebou het, toon steeds goeie gewaspotensiaal, met gesonde mielies, sojabone, sorghum en sonneblomontwikkeling. In teenstelling hiermee toon gewasse in sommige dele, veral in die Oos - Vrystaat en Westelike dele van die produksie area hitte- en droogte stres en het die areas dringend reën nodig. Daar is dele in Limpopo wat nog besig is om geplant te word. Waterskade en hael is ook in die provinsie aangemeld. Met mielies wat grootliks in vroeë graanvul stadium is en sojabone wat in peulvorming beweeg, is die volgende twee weke van kritieke belang om te bepaal in watter rigting die oes sal gaan. ***Dringende reënval is nodig in die somersaai gebied en belangrik om opbrengste te stabiliseer en verdere agteruitgang in droogtegeteisterde gebiede te voorkom.***

**Die Oesskattingskomitee sal die finalisering van die 2025-somergraanoes op 12 Februarie vrystel, en die hersiene oppervlakte- en eerste produksievoorspelling sal op 26 Februarie vrygestel word.**

# VOORLOPIGE OPPERVLAKTE

| CROP/GEWAS | **Prel area planted/ Voorl opp beplant 2026 Ha (A)** | Intentions[1)]/ Voorneme[1)] 2026 Ha (B) | Area planted/ Opp beplant 2025 Ha (C) | Final estimate[2)]/ Finale skatting[2)] 2025 Tons (D) | Change/ Verandering/ 2026 vs 2025 % (A) ÷ (C) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Commercial/Kommersieël:** | | | | | |
| White maize/Witmielies | **1 644 200** | 1 614 700 | 1 599 700 | 8 378 250 | 2,78% |
| Yellow maize/Geelmielies | **1 030 000** | 1 051 000 | 997 000 | 8 057 400 | 3,31% |
| Total Maize/Totale Mielies | **2 674 200** | 2 665 700 | 2 596 700 | 16 435 650 | 2,98% |
| Sunflower seed/Sonneblomsaad | **560 800** | 531 100 | 555 700 | 708 300 | 0,92% |
| Soybeans/Sojabone | **1 185 000** | 1 179 200 | 1 151 000 | 2 771 225 | 2,95% |
| Groundnuts/Grondbone | **43 650** | 42 240 | 48 125 | 62 474 | -9,30% |
| Sorghum | **39 000** | 39 250 | 41 150 | 146 605 | -5,22% |
| Dry beans/Droëbone | **36 400** | 36 420 | 45 620 | 90 556 | -20,21% |
| TOTAL/TOTAAL | **4 539 050** | 4 493 910 | 4 438 295 | 20 214 810 | 2,27% |

1) Soos middel Oktober 2025/ As mid October 2025
2) 27 November 2025


Note: Estimate is for calendar year, e.g. production season 2025/26 = 2026
Nota: Skatting is vir kalenderjaar, bv. produksie-seisoen 2025/26 = 2026

*Bron: NOK*


GSA GRAIN | GRAAN

# Totale Reënval

## Totale Reënval/Total Rainfall




## Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days





GSA GRAIN | GRAAN

GEOTERRA IMAGE

**Al die data vir die 2025/26 seisoen is vanaf 1 Julie 2025 tot 6 Feb 2026*

# Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days




Die beskryf die algehele reënvaltoestande in die verskillende produksiestreke in die afgelope 30 dae.

**Vrystaat**


- **Noordwes-Vrystaat:** Reënval was uitstekend in November en Desember, wat 'n sterk vogbasis vroeg in die seisoen geskep het. Januarie se reënval was egter laag en baie wisselvallig. Sommige produsente het geen noemenswaardige reën ontvang in Januarie nie, terwyl ander slegs geïsoleerde buie gehad het, wat tot toenemende variasie in veldtoestande lei.
- **Oos-Vrystaat:** Reënvalstoestande wissel van uiters nat tot baie droog. Sekere gebiede het oorvloedige reën ontvang vroeg in die seisoen, wat plasvorming en versuiping in laagliggende lande veroorsaak het. In teenstelling hiermee het groot dele, veral rondom Vrede (noord/wes) en Heilbron, baie min tot geen reën in Januarie ontvang nie, wat droogtestres vererger. **Die area het dringend reën nodig.**

**Limpopo:** Die seisoen was oor die algemeen besonders nat, met sommige lokaliteite wat naby aan 900 mm beweeg. In verskeie areas was reënval buitensporig hoog, wat versuiping en verminderde sonlig veroorsaak het. Meer onlangs het reënval meer wisselvallig geword, en droër toestande begin in sommige dele van die noordelike streek ontwikkel.

**Oostelike Hoëveld:** Reënval was hoogs veranderlik. Sommige produsente het baie nat toestande en selfs versuiping ervaar, terwyl ander droog gebly het en afhanklik was van opvolgreën. Hael is ook in verskeie areas aangemeld, wat bydra tot die groot variasie in toestande.

**Noordwes-provinsie:** Dit was 'n seisoen van uiterstes. Die maande November en Desember was baie nat, maar Januarie se reënval het gewissel van 0 tot net meer as 100 mm, afhangend van die ligging. Haelstorms het groot skade in verskeie dele van die provinsie aangerig.

# Grondvog Indeks / Soil Water Index




***Al die data vir die 2025/26 seisoen is vanaf 1 Julie 2025 tot 6 Feb 2026**

Die grondvogindeks vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde.

**Vrystaat**


- **Noordwes-Vrystaat:** Die meeste gewasse word steeds ondersteun deur sterk grondvog wat oorgedra is vanaf die baie nat November- en Desemberperiode. Uiterste hitte versnel egter die vogonttrekking, en sommige mielielande toon reeds tekens van droogtestres.
- **Oos-Vrystaat:** Grondvogvlakke verskil skerp oor die gebied. Dele wat onlangs reën ontvang het, het steeds voldoende reserwes, terwyl groot gedeeltes, veral noord en wes van Vrede en rondom Heilbron, uiters droog is. Baie droëland-mielielande het hul beskikbare vog reeds uitgeput en verkeer nou onder ernstige stres.

**Noordwes:** Grondvog bly hoogs wisselvallig. Areas wat deur hael of lae Januarie-reënval getref is, ervaar toenemende druk, terwyl ander dele steeds oorblywende vog het van die swaar reën in November en Desember. Die afgelope drie weke se midsomerdroogte verminder reserwes geleidelik. Reën word benodig.

**Oostelike Hoëveld:** Grondvogtoestande wissel van oormaat tot tekort. Sommige lande ervaar steeds versuiping, terwyl ander reeds droog is en afhanklik is van opvolgreën. Laat plantings, veral dié wat tot in Desember uitgestel is, loop ’n verhoogde vogrisiko namate reserwes afneem.

**Limpopo:** Grondvog bly oor die algemeen volop ná ’n baie nat seisoen, met sommige lokaliteite wat naby 900 mm akkumulasie beweeg. Tog begin sekere noordelike gebiede, veral rondom Roedtan, vroeë tekens van vogstres toon namate reënval meer plek-plek en onreëlmatig raak.

# Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District




***Al die data vir die 2025/26 seisoen is vanaf 1 Julie tot 6 Feb'26**

Die aanwysers vir die opgroening van gewasse toon die huidige vordering met die opkoms van gewasse in vergelyking met die 5-jaar gemiddelde.

**Dringende opvolgreën word benodig oor die hele somergraan gebied!**

**Vrystaat**

**Noordwes-Vrystaat:** Toestande bly positief, gesteun deur hoë vroeë-seisoen vog. Mielies, sojabone, grondbone en sonneblom toon gesonde blaardakontwikkeling. Toenemende hitte stres begin egter die vordering in sommige mielielande vertraag.


**Oos-Vrystaat:** Toestande is baie ongelyk oor die streek. Areas wat versuip het, toon steeds sterk groei, terwyl droër gebiede swak groei toon, met baie plekke waar mielies wat reeds geplant is, duidelike stres wys. Gewasse in die blomstadium is onder aanhoudende hitte druk. Hierdie gebied benodig dringende opvolgreën.

**Noordwes:** Groeipatrone is uiters wisselvallig. Sojabone het in verskeie dele noemenswaardige haelskade opgedoen. Mielietoestande verskil, met sommige blokke wat goed staan terwyl ander, veral waar Januarie-reënval beperk was, verswak. Wisselvallige reënval het groot verskille in groei oor kort afstande veroorsaak.

**Oostelike Hoëveld:** Groei wissel wyd, gedryf deur oneweredige reënval. Sommige lande toon goeie groei ná reën, terwyl ander duidelike droogtestres toon.

**Limpopo:** Algehele groei bly sterk weens vroeëre oorvloedige reënval. Sonneblom toon groot variasie in groeistadium, van blomstadium tot baie jong of nuutgeplante blokke. Sorghum presteer besonder goed en is in baie areas besig om in die saad te kom. Sommige noordelike dele toon egter verswakking in groei namate die onlangse droogte begin inskop.

# Gewas Toestand / Crop Condition




Die Groenblaarindeks illustreer gewasgroei en -ontwikkeling gedurende die produksieseisoen. Gewastoestande in die meeste somerreënvalgebiede is aansienlik bo die 5-jaar gemiddelde.

**Vrystaat**

- **Noordwes-Vrystaat:** Die seisoen het sterk begin. Mielies en sojabone toon steeds goeie opbrengspotensiaal, alhoewel hitte stres toenemend sigbaar is. Grondbone en sonneblom bly in goeie toestand. Verspreide haelskade het voorgekom, en die komende twee weke is van kritieke belang, aangesien laat plantings baie afhanklik gaan wees aan voldoende reënval.
- **Oos-Vrystaat:** Gewasse het 'n baie sensitiewe stadium betree. Mielies beweeg in die graanvulstadium in, terwyl sojabone in die blomstadium is. Hoë temperature en dalende grondvogreserwes bedreig opbrengspotensiaal, veral in die droër streke. Laat aanplantings staar verhoogde risiko's in die gesig as gevolg van beperkte Januarie-reënval.

**Noordwes:** Sojabone wissel van blom tot peulvorming, met baie lande wat deur hael geraak is. Mielieontwikkeling is ongelyk, met lande in bestuiwing en ander in vroeër groeistadiums. Intense hitte gedurende Januarie het verdere druk geplaas. Strestekens en vroeë verliese is reeds sigbaar in westelike areas rondom Delareyville. Die komende weke sal bepalend wees vir die uiteindelike rigting van die oes.

**Oostelike Hoëveld:** In gebiede waar reënval voldoende was, toon gewasse sterk ontwikkeling. Versuiping in sommige areas, droogtestres in ander, en verspreide hael bly uitdagings. Sonneblom is geplant in plek van sojabone waar die seisoen te laat geword het. Reënval in die komende tydperk sal baie belangrik wees vir finale opbrengsvorming en -potensiaal.

**Limpopo:** Gewasomstandighede verskil aansienlik oor die provinsie. Sonneblom wissel wyd in groeistadium, van blokke in blom tot baie jong lande, en plantwerk gaan in sommige areas steeds voort. Vroeë mielies is reeds geoes. Toenemende droogtetoestande rondom Roedtan raak 'n bekommernis vir gewasse wat laat geplant is.

# DANKIE!

---

**Vir enige navrae:**

**Grain SA**

**Marguerite@grainsa.co.za/ Cathrine@grainsa.co.za/ Gerrit@grainsa.co.za**

**Vrywaring**: Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.